Plaasveiligheid - 'n waardestelsel

VEILIGHEIDSBULLETIN 04/19

(Hierdie Bulletin word op 'n ad hoc basis en na gelang van behoeftes versprei aan landbouveiligheidstrukture wat ingevolge die NLVS funksioneer. Dit dien as 'n forum waarop landbouveiligheid gedien kan word en deelname word aangemoedig. Insette vir oorweging (verkieslik nie langer as 500 woorde) word verwelkom en kan vir verspreiding ingedien word by dienste@tlu.co.za)

BRANDBEHEER (Nicolene Neveling, Nevaqu Fire & Rescue, nicolene@nevaqu.co.za of 072 840 0205)

Met die brandseisoen net om die draai is dit weer tyd om te kyk na watter stappe geneem moet word en watter prosesse reeds in plek moet wees vir die beskerming van jou mense, vee en eiendom. Hoe gereed is jy werklik vir die komende brandseisoen?

- Is jou personeel opgelei, toerusting en beskermende klere geïnspekteer en aangevul?
- Is beplanning vir brandstroke en die aansoek vir brandpermitte ingehandig?
- Is jou risiko assesering gedoen, jou brandbestuursplan in plek en word dit duidelik verstaan deur alle rolspelers?
- Is daar n ontruimingsplan in plek en word dit verstaan deur al die mense op jou plaas?

Daar is so baie faktore waarna gekyk moet word, nie net om seker te maak dat jy aan die minimale vereistes, soos uiteengesit in die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande voldoen nie, maar ook om seker te maak dat genoegsame voorkomingsmaatreëls in plek is om jou teen brande te beskerm. Kom ons begin deur na n paar van hierdie faktore te kyk.

Opleiding, Toerusting en Beskermende Klere

Dit is baie belangrik vir elke grondeienaar om homself in lyn te bring met die minimum vereistes, soos uiteengesit in die wet rakende opleiding van personeel en beskermende

klere en toerusting. Indien jy nie aan die vereistes voldoen, en ‘n brand ontstaan op jou grond wat dan versprei na aangrensende eiendomme, kan jy met n boete van tot en met R2,500 of selfs tronkstraf gestraf word. Jou versekering kan ook weier om uit te betaal as jy nie aan die voorgeskrewe wette voldoen nie.

Die volgende tabel gee ‘n aanduiding van minimum vereistes uitgewerk per hektaar. Indien jy nie genoeg personeel het om aan die vereistes te voldoen nie word dit aanbeveel om ‘n skriftelike ooreenkoms met jou buurman te onderteken om dan gesamentlik aan die vereistes te voldoen.

Eiendomgrootte per hektaar	Vuurvegters	Spanleier/Eienaar	100% Katoen oorpak & hemp	Handskoene	Oëbeskermers	Balaclava / Brandmasker	Leerstewels (geen staalpunte)	Bakkie Sakkie – Min 200 L	Watertenk – Min 1000 L	Harke	Brandslaners	Knapsakes – Min 15 L	Drupfakkel	Selfoon	Handradio	Mobiele radio	Eersdtehulptas
< 10 ha	1	~	1	1	1	1	1	~	~	~	1	1	~	~	~	~	~
11 – 25	2	1	3	3	3	3	3	1	~	1	4	2	~	1	~	~	1
26 – 100	4	1	5	5	5	5	5	1	~	2	5	3	~	1	~	1	1
101 – 500	9	1	10	10	10	10	10	1	1	5	10	4	1	1	1	1	1
501 – 1000	10/20*	1	11	11	11	11	11	1	1	10	15	10	1	1	2	1	2
1001 – 4000	15/30*	3	18	18	18	18	18	2	2	15	20	10	2	1	4	2	2
4001 – 10 000	25/40*	3	28	28	28	28	28	2	2	20	40	20	3	1	4	2	5
10 000 <	30/50*	4	34	34	34	34	34	3	3	20	40	20	3	1	5	2	5

**Toegang tot hulpbronne binne 30 minute*

Tydens n brand is jou prioriteit altyd eerstens die beskerming van lewe en daarna die beskerming van eiendom. Daarom is dit uiters belangrik dat werkers genoegsame en relevante opleiding ontvang het om brande veilig te kan beveg en genoeg beskermende klere en toerusting in ‘n goeie werkende toestand het om hul pligte uit te voer. ‘n Goedopgeleide en toegeruste werker is baie meer effektief tydens brandbestryding as ‘n onopgeleide werker.

Brandbestuursplan

Die plan moet rolspelers help om goed ingeligte besluite te kan neem sodat brande eerstens voorkom kan word en, in die geval van veldbrande, mense en eiendom doeltreffend beskerm kan word.

Jou plan moet die prosedures wat in plek is vir die beplanning en reaksie op brande beskryf, asook die tipe brandbeskerming toerusting en opgeleide personeel tot jou beskikking in jou area. Lys alle groot brandgevare, groot risiko’s in jou area, potensiële ontstekingsbronne asook die plantegroei en topografie van jou eiendom. Lys die

voorkomingsmaatreëls in plek soos bv brandstroke, hoe breed is dit en waar is dit geleë. Lys ook ooreenkomste met bure of instansies soos Brandvereniging of Boerevereniging vir hulpverlening

Die plan is daar om seker te maak dat almal vooraf weet wat gedoen moet word, wie gekontak moet word, wie in beheer is en watter hulpbronne beskikbaar is aangesien daar nie tydens n brand tyd is om hierdie besluite te neem nie.

Voorsorgmaatreëls

Stappe wat geneem kan word om die verspreiding van brande te voorkom en die beskerming van huis en eindom te verbeter is soos volg.

1. **Brandstroke -** Kry hierdie in plek VOOR die brandseisoen afskop Brandstroke hoef nie noodwendig gebrand te word nie, en indien n grondeienaar ingelig word dat die omstandighede nie reg is om te brand nie, kan hierdie strook geskep word deur die gras en plantegroei uit te skoffel of te ploeg en dan all brandbare materiaal te verwyder. Wanneer beplan word om n strook aan die grens van die eiendom te brand moet daar vooraf n dag bespreek word met die buurman, so nie moet die een die ander minstens 14 dae vooraf skriftelik in kennis stel van hul intensie om te brand. Stel jou Brandvereninging of Boerevereniging in kennis en doen aansoek vir n brandpermit. Beide grondeienaars of hul verteenwoordigers, moet teenwoordig wees tydens die brand. Die een wat nie brand nie moet sorg dat hy genoeg mense aan sy kant van die grens het om te keer dat die brand versprei
2. **Vermindering van brandbare materiale –** Verwyder indringerplante en enige droë stompe om sodoende jou brandbare materiaal op jou eiendom te beperk.
3. **Vee –** Identifiseer n veilige area waarheen vee tydens n brand geskuif kan word, Hierdie area moet skoongemaak word van alle brandbare materiaal en gereeld onderhou word om seker te maak dit bly skoon. Hierdie moet verkieslik nie naby hoë bome, digte bosse of teen ‘n helling wees nie aangesien n brand vinniger teen n opdraende versprei. Hou die gras rondom hierdie area ook verkieslik kort. Hierdie veilige sone kan wel waterbakke bevat maar geen voer kan hier gestoor word aangesien dit n brandrisiko inhou.
4. **Huis en geboue –** Skep ‘n veilige sone rondom jou huis en geboue van minstens 9m. Binne hierdie area moet gras kort gehou word, alle droë blare en takke verwyder word. Plante teenaan geboue wat maklik kan brand moet ook liefs verwyder word. Snoei bome tot minstens 2m bo die grond en verwyder enige takke wat naby aan of oor dakke hang. Inspekteer dakteëls om seker te maak daar is geen los of stukkende teëls is waar brandende kooltjies kan inkom, maak ook geute skoon van enige droë materiaal wat maklik kan vlamvat. Indien n brand sou uitbreek is dit voordelig om die sproeiers rondom die huis oop te maak om te sorg dat die gras en plantegroei nat bly om ‘n brand af te weer.

Indien jy enige hulp nodig het rakende jou voorbereiding, opleiding en toerusting om seker te maak jy is in lyn met die wette, kan die skrywer enige tyd gekontak word by nicolene@nevagu.co.za of geskakel word op 072 840 0205